

SONDAG 8 FEBRUARIE

SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 15:9-15; 2 KRONIEKE 16:7-10

FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 15:14

Asa – selfs 'n getroue koning kon nie doen wat die Koning sou doen nie!

Toe Asa koning geword het, het hy gedoen wat reg is in die oë van die Here. Soos Dawid, was hy getrou aan die Here. Die Here het hom gebruik om die volk se godsdienst te reinig: hy het die tempelprostitute uit die land verband, hy het die afgodsbeelde van sy voorgangers vernietig, hy was selfs nie bang om sy ouma af te sit as koninginmoeder omdat sy 'n afgodsbeeld gemaak het nie. Die Here het hom gebruik om dit duidelik te maak dat Hy aanbid moet word soos Hy sê. Hy is die Almagtige. Hy is die Heilige. Hy bepaal hoe 'n verhouding met Hom lyk.

Later in sy lewe het Asa nie op die Here vertrou nie, maar op mense. Hy kon ook nie die hoogtes (Num. 33:50-52; 1 Kon. 3:2) heeltemal vernietig nie. Asa kon die Here se volk nie red nie. Geen mens kon dit doen nie. Vir mense om Hom in gehoorsaamheid en met vreugde aan te hou aanbid, moet harte verander word.

Daarom het God sy Seun, Jesus Christus, aarde toe gestuur. Hy het gekom om nuwe harte vir ons te gee! Nuwe harte vir nuwe mense wat deur die Gees gelei en heilig gemaak word. Nuwe mense wat tot die eer van die Here wil leef, omdat hulle besef hoe groot sy genade is. Nuwe mense wat voor die Koning Jesus Christus buig. As ons Koning regeer Hy oor die Kerk deur sy Woord en Gees. Hy beskerm ons.

Glo in Jesus Christus, die Koning wat jou 'n nuwe hart gee en maak dat jy met vreugde in 'n gehoorsame verhouding met God lewe!

Sing: Psalm 45:1, 3, 5, 16 (1936)

Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Rietvallei)